



Posbus 7113, Newtonpark, 6055  
Telefoon (041) 3651233  
Faks (041) 3652586  
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

*Uitnemendheid begin by omgee*

**NUUSBRIEF 41**

**29 November 2019**

**UIT DIE KANTOOR**

Geagte Ouers

Die einde van 2019 akademiese jaar is met ons. Dit is met groot dankbaarheid dat ek terugkyk en besef hoeveel seëninge Laerskool Newtonpark tydens hierdie jaar beleef het. Baie dankie aan elke ouer, personeellid en leerling vir die ondersteuning en lojaliteit die jaar.

Mag die Here se liefde in hierdie vakansietyd en feestyd met u almal wees. Mag u almal 'n baie Geseënde Kersfees en 'n baie Voorspoedige 2020 beleef.

Ry veilig, rus lekker en kom veilig terug!

Die skool heropen amptelik op **Woensdag 15 Januarie 2020 om 07:45** vir die leerlinge. Die dag sal begin met 'n saalbyeenkoms waar ouers ook meer as welkom is.

### **GRAAD 1 – 2020**

Die skoolhoof, personeel en beheerliggaam van die Laerskool Newtonpark verwelkom u en u kind(er)s vir die nuwe akademiese jaar. Daar is 'n paar sakies wat ons onder u aandag wil bring. Die skool begin op Woensdag, 15 Januarie 2020 om 07:45. **Die graad 1-leerlinge moet u asseblief op Dinsdag, 14 Januarie 2020 om 08:15 in die klasse besorg.** Die buitedeure van die klasse sal oop wees. U moet asseblief van die klein hekkie by graad 2 gebruik maak. Daar sal klaslyste by die graad 1-deure opgeplak wees, sodat u seker kan maak van u kind se klas. Die leerlinge sal om 09:15 verdaag. **U seun/dogter kom met gewone klere skool toe die dag.** Die leerlinge sal inligting kry oor wat die prosedure vir die volgende dag sal wees.

### **2020 - KLASINDELINGS**

Ek wil 'n ernstige beroep tot ons ouers rig om asseblief nie met versoeke te kom of die proses te probeer beïnvloed nie. Dit maak die taak vir ons onmoontlik. Die 2020-klasindeling is een van die belangrikste oefeninge waaraan ons baie aandag gee. Indien 'n ouer egter 'n versoek het, word dit slegs deur my hanteer.

## **TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND**

Vrydag, 6 Desember is dit ons laaste ouer-en-kind-tennisaand van 2019. Kom speel vir oulaas 'n paar "potte" om 18:00 onder ligte by die sportveld. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Ons wil dan ook elke paartjie wat hierdie geleentheid so getrou ondersteun het gedurende 2019, opreg bedank. Ons sien uit daarna om julle weer in 2020 op die "baan" te verwelkom!

## **ONDERWYSERS WAT ONS VERLAAT**

Me. Anja de Lange (graad 3D), Me. Carike Smith (graad 1S) en Mev. Althea Watkins (graad 1W), verlaat ons aan die einde van hierdie jaar. Al drie hierdie juffrouens het besluit om 'n nuwe uitdaging aan te pak. Hul positiewe gesindheid en bereidwilligheid om altyd te help was 'n groot bate vir die skool. Ons gaan hulle mis en wens hulle sterkte toe met die nuwe fase van hulle lewens.

## **MENEER WEPENER : AFTREDE**

Na 38 jaar in die onderwys het Mnr. Wepener besluit dit is tyd om af te tree. Hy was vir 33 jaar 'n onderwyser by Laerskool Newtonpark en het 'n groot invloed gehad op baie leerlinge en onderwysers se lewens. Hy is werklik 'n legende wat diep spore in Oos-Kaap-onderwys getrap het. Hy was betrokke by verskeie sportsoorte tot op provinsiale vlak. Op akademiese gebied het hy duisende leerlinge tot volwaardige burgers van ons land help vorm.

As adjunkhoof was hy van onskatbare waarde vir die skool. Hy het altyd voluit diens gelewer aan die skool en was selfs vir 'n tyd die skoolhoof van ons skool; 'n taak wat hy met uitnemendheid gedoen het. Hy is 'n persoon wat deur sy voorbeeld ander se lewens verryk het. Ons gaan hom baie mis, maar wens hom 'n geseënde aftreedyd toe.

"And in the end it is not the years in your life that count. It's the life in your years."

–Abraham Lincoln-

## **LAERSKOOLOUERS FACEBOOKBLAD**

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

## **KLEREWINKEL**

Neem asb. kennis dat die klerewinkel 2 Desember sluit en eers weer 13 Januarie 2020 oop sal wees.

## **BENODIGDHEDELYSTE EN KALENDER 2020**

Die benodigdhedelyste vir 2020 vir graad R tot 7 sowel as die kalender van die eerste kwartaal is op die D6, geplaas. Let wel dat datums en tye van aktiwiteite onderhewig aan verandering is.

## **SKOOLGELDE 2019**

Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep op diegene doen wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. **Aan die einde van November moet al 2019 se skoolgelde klaar betaal wees.** Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. **Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem.** Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

## ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM      LAERSKOOL NEWTONPARK  
BANK                    ABSA  
REKENINGNOMMER    1400490089  
TAKKODE              632005

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na [fin@lnpark.co.za](mailto:fin@lnpark.co.za) gestuur word.

### GEDAGTE VIR DIE WEEK:

*U goedheid is groter as die grootste boosheid;  
U liefde is sterker as al die haat in ons land;  
U lig skyn helderder as die donker in ons harte;  
U het op aarde kom woon om die dood te oorwin.  
Daarom is ons meer as oorwinnaars  
Deur U wat vir ons lief het.*

Na 'n gebed van Biskop Desmond Tutu



JJ. Pienaar  
SKOOLHOOF  
E-pos: [skoolhoof@lnpark.co.za](mailto:skoolhoof@lnpark.co.za)  
Tel : 0846935318

## SPORT & KULTUUR

### FUTURE KINGS RUGBY

Roelof Campher in graad R3 het Saterdag, 23 November by die Future Kings-rugbydag te Framesby gespeel en 'n medalje vir speler van die wedstryd ontvang. Baie geluk!

### UNISA GR. 1 EN 2 TEORIE EKSAMEN

Die volgende leerlinge het uitstekend in hul UNISA-teorie eksamens gevaar. Almal het met lof geslaag. Baie geluk!

Gr. 1 Teorie	Uitslag
Henry Greeff	97
Lara Nell	98
Reinhardt Welman	99
Karla van Rooyen	100

Gr. 2 Teorie	Uitslag
Chanté Kotze	97
Anike Kühn	97

Die Helga de Jager-beker vir Teorie gaan vanjaar aan Karla van Rooyen. Baie geluk met hierdie uitmuntende prestasie!